Verwysing: 20170912-4831
12/2/13/6
Navrae: V Madasi

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0007/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en toepaslike spesiale skole

Kort opsomming: *Aanlynstelsel vir die identifisering van werkboektekorte en -oorskotte vir Januarie 2018.*

Onderwerp: Aanlynstelsel vir graad R- tot 9-werkboeke vir 2018

1. Soos aangedui in Omsendbrief 0026/2017, is werkboeke (graad R tot 9) vir die eerste helfte van 2018, by alle skole afgelewer.

2. Ten einde werkboektekorte en -oorskotte vir graad R tot 9 in die eerste helfte van 2018 vroegtydig te identifiseer, moet alle openbare skole tussen 23 en 27 Oktober 2017 toegang tot SOBIS verkry. Gedurende hierdie tyd moet skole hul werklike getal werkboeke vir elke graad ontvang teenoor hul leerdertalprojeksie vir Januarie 2018 vaslê en afteken.

3. Wanneer toegang tot SOBIS verkry is, moet skole die "Administration"-opsie op die keuselys kies. Kies "Workbooks" op die aftreklysie en dan die "Welcome and guidelines"- of "Capture"-skerm.

4. Die volgende persone kan gekontak word indien u bystand met die vaslegging van u besonderhede en die aftekenproses benodig:

   Vuyelwa Madasi by tel. no. 021 467 2108 of via e-posadres
   Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za

   Noncedo Mbali by tel. no. 021 467 2142 of via e-posadres
   Noncedo.Mbali@westerncape.gov.za

Kashiefa Sedien by tel. no. 021 467 2553 of via e-posadres
kashiefa.sedien@westerncape.gov.za

5. Sodra al die skool se werkboekbesonderhede vir die spesifieke fases vasgelê is, moet die aftekenproses voltooi word.

6. Die inligting wat rakende werkboektekorte en -oorskotte ingewin is, sal via EduInfoSearch toeganklik wees vir die toepaslike distriksamptenare wat verantwoordelik sal wees vir die fasilitering van die verspreiding en oplaai van werkboeke waar tekorte en oorskotte is.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2017-09-14